

Tien nuttige wenke om te verseker jou gastekamer kry vanjaar tien uit tien

EARL SEPTEMBER

Gastekamers is lankal nie meer die afskeepvertrek in die huis waar alles wat nie meer gebruik word, ingespan word nie.

Maak seker jou gastekamer het 'n vars voorkoms en dat gaste welkom en uitgerus voel as hulle hier in- en uitstap.

In *Om die Huis* het kenners gevra om tien dinge te bespreek wat elke gastekamer moet hê om jou gas tuis te laat voel.

MUURPAPIER:

Wanneer jy by 'n vertrek instap, is die muur een van die eerste dinge wat die gas se oog vang.

As dit by kleure en ontwerpe vir muurpapier kom, is daar 'n groot verskeidenheid neutrale kleure en kan jy jou verbeelding vrye teuels gee, sê mnr. Anlo Neethling van Pic Projects in Kaapstad.

“Muurpapier skep dimensie en atmosfeer in die kamer wat alles bydra tot die ambiance in die vertrek,” voeg me. Alida Lambooy van Living Divani, ook in Kaapstad, by.

SPIEËLS

'n Praktiese dekkorelement vir enige vertrek is 'n spieël omdat dit nie net prakties nodig is nie, maar ook die vertrek groter laat lyk.

“'n Spieël in 'n dekoratiewe raam teen die muur balanseer die vertrek en skep 'n fokuspunt,” sê Lambooy.

SKILDERYE OF FOTO'S

Nes spieëls, maak skilderye en foto's 'n goeie fokuspunt in 'n vertrek. Dit kan ook gebruik word om tekstuur, neutrale kleur en diepte in die kamer te bring. Neethling stel voor jy hang 'n verskeidenheid fotorame met foto's teen die muur.

Volgens Lambooy moet skilderye egter nie te hoog teen die muur opgehang word nie.

LOS MATJIES

Om los matjies langs die bed te hê is nie net prakties in die winter nie, maar ook nuttig in die somer. Die weef of knoop van die bedmatjies bring tekstuur en patroon in die kamer wat tot die algehele beeld bydra, meen Lambooy.

“Dit is ook nuttig veral as die gastekamer se vloer geteël is of daar dalk houtvloere is wat koud kan vertoon,” sê Neethling.



'n Spieël in die gastekamer laat die vertrek nie net groter lyk nie, maar is ook prakties vir gaste.

Foto: JVB FURNITURE COLLECTION

LINNE

Die duvetoortreksel is net so belangrik soos die duvet self. Jy moet ook seker maak die gastekamer se bedlinne is altyd vars, skoon en sag.

Mnr. Kyle Roux van Kyle Roux Interiors in Kaapstad sê daar is niks beter as die gevoel van nuwe beddegoed en handdoeke nie. Goeie linne is vandag ook meer bekostigbaar as in die verlede en Suid-Afrika spog met talle vervaardigers van gehalte-handdoekstof, voeg hy by.

BEDLAMPIES

Een van die ander moet-hê-items wat nie net dekoratief nie, maar ook prakties is, is lampies langs die bed.

Roux meen elke gas het die behoefte aan 'n bedlampie, vir goeie taakverrigting soos om grimering aan te sit, werk op die skootrekenaar te doen en om in die bed te lê en lees. As jy in jou gastekamer 'n dubbelbed het, moet daar aan elke kant van die bed 'n lampie wees sodat paartjies elk sy eie het.

“Die bedlampie is 'n belangrike deel van die algehele ontwerp en nog 'n fokuspunt van die vertrek,” voeg Neethling by.

Die kenners raai egter aan dat die lig van die bedlampie nie in



Items soos skilderye, bedlampies en selfs foto's kan gebruik word om tekstuur, kleur en diepte in die vertrek te bring. Foto: LIVING DIVANI

gaste se oë moet skyn nie, daarom moet die bedlampie nie te hoog wees nie.

KLERESTAANDER

Wanneer jy gaste het wat oorslaap, is nie net slaapplek 'n kopseer nie maar ook ruimte in die vertrek. 'n Klerestaander is 'n baie nuttige item in jou gastekamer, veral as die gas wat oorslaap, op 'n sakebesoek is.

“Die klerestaander is handig om 'n baadjie oor te hang. Party het ook plek om skoene te bêre,” sê Lambooy.

Neethling sê sou jy nie 'n klerestaander hê nie, is dit belangrik om 'n paar goeie hangers in die kas te hê.

Dit is ook belangrik dat daar 'n klerekas in die gastekamer is, hetsy een wat los staan of 'n ingeboude kas.

WEKKER EN KLANKSTELSE

Vir jou gaste om te ontspan en tuis te voel, is dit belangrik om dalk 'n wekker of klankstelsel in die gastekamer te hê. “Jou gaste kan hulself tuis maak met hul eie musiek-samestelling in die agtergrond, aan die begin of einde van die dag,” aldus Neethling.

Hy voeg by jy kan dit ook oorweeg om 'n TV-stel in die kamer te sit. “Dit bied jou gaste die vryheid om weg te breek van die gesin en hul gunsteling-TV-program te kyk.

Roux noem byna almal het deesdae 'n slimfoon en skootrekenaar. “Daar moet beskikbare kragproppe en aansluiters hiervoor wees.”

LEESSTOF

'n Slaapkamer sonder 'n boek of tydskrif is soos 'n slaapkamer sonder 'n bed; dis net 'n moet-hê, sê kenners.

Lambooy verduidelik boeke op 'n ronde tafeltjie of op die bedkassies is nie net mooi bykomstig-

hede nie, maar ook prakties. “Boeke met 'n interessante buiteblad lok 'n leser. As die kamer groot genoeg is, kan 'n klein leeshoekie ook geskep word.”

VAAS MET BLOMME

Vars blomme helder altyd 'n vertrek op en bring lewe in die vertrek.

Lambooy noem 'n blompot, veral as dit 'n antieke of byderwetse pot is, kan 'n fokuspunt van die vertrek wees, afhangend van die styl van die kamer. “Blomme laat ruik die kamer ook lekker en bring kleur in die vertrek.”

Om 'n gastekamer te hê en veral om die bykomstighede hiervoor te kry, mag dalk na 'n duur projek lyk, maar dit hoef nie te wees nie.

Lambooy sê al die items is redelik beskikbaar en die bekostigbaarheid daarvan hang af van die gehalte en item wat aangekoop word.

“Beplan die kamer, sodat goedkoop koop nie duur koop word nie, en dat alle bykomstighede en items in harmonie is en groottes uitbalanseer in die vertrek.”

Die kenners is dit eens dat gaste altyd tuis moet voel en daarom is dit nodig om met al hierdie klein stukkies detail die gaste te verwelkom.

Nog vyf dinge wat jy gerus deel kan maak van hierdie kamer

Die kenners kon nie hou by tien kenmerke vir die gastekamer nie en het nog 'n paar bygevoeg.

BED VIR DIE SLAAPKAMER

Baie mense waardeer 'n ferm, ondersteunende matras. 'n Nag op 'n verweerde en ongemaklike ou basis en matras kan net 'n nagmerrie wees, sê mnr. Kyle Roux van Kyle Roux Interiors.

Mnr. Anlo Neethling van Pic Projects in Kaapstad meen die

grootte van die bed sal afhang van die grootte van die kamer.

Roux reken twee enkelbeddens wat saamgevoeg word, is dikwels 'n goeie oplossing.

“Slaapbanke is ook 'n praktiese oplossing, veral vir kleiner spasies, maar is nie altyd so gemaklik nie.”

LUGVERKOELER

Volgens Neethling is temperatuur vir 'n goeie nagrus baie be-

langrik en die beste manier om hierdie probleem te bowe te kom, is om 'n lugverkoeler te installeer as jy dit kan bekostig.

GORDYNE EN BLINDINGS

Om ongewenste lig uit die kamer te hou, kom gordyne as vensterbedekking goed te pas, aldus Neethling. Hy maan ook dat jy voering by die gordyn moet hê om direkte lig heeltemal uit te hou. “'n Meer praktiese bedek-

king is blindings.”

LUUKSE PRODUKTE

Jou gaste moet nie net tuis nie, maar ook spesiaal voel. Bederf dus jou gaste met 'n paar luukse hede, sê Roux.

Neethling stel voor jy gee jou gaste iets wat die gas huis toe of verder op hul reis kan neem. Skoon, vars en sagte handdoeke met 'n vars, skoon badjas dra ook by tot 'n spesiale gevoel.

SLAAPKAMERSTOEL

'n Stoel kom handig te pas en kan ook 'n fokuspunt in die vertrek wees, indien dit goed oorgetrek is met die regte bykomstighede, sê Neethling. “Soek vir 'n klein ruimte in die kamer, dalk in 'n hoek, vir die stoel.”

Daar is nog vele ander bykomstighede wat jy tot die gastekamer kan voeg om jou gaste tuis te laat voel. Maak ook seker jou gaste geniet hul privaatheid en rus.